1.2 Die Direktooraat het egter, ter nakoming van die Regering se onderneming in paragrawe 7.2 en 7.3.4 van die Nasionale Vredesakkoord, reeds sedert November 1991 as 'n komponent van die Departement van Justisie gefunksioneer. Ingevolge Staatspresidentshandeling 139 van 25 Maart 1993 is die funksies ingevolge die Wet wat met die Nasionale Vredesekretariaat in verband staan, aan die Minister van Binnelandse Sake oorgedra.

1.3 Ingevolge artikel 9 van die Wet oefen die Direktooraat die bevoegdhede uit en verrig die werksaamhede en pligte aan hom opgelê ten einde die oogmerke van die Wet en van die Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991 (Wet No. 139 van 1991), te bereik. Die Direktooraat moet hierbenewens die administratiewe werk verrig wat verbonde is aan die verrigting van werksaamhede van die Nasionale Vredesekretariaat, streekdispuutbeslegtingskomitees en plaaslike dispuutbeslegtingskomitees. Die Direktooraat reël ook die betaling van die besoldiging, reis- en verblyftoelaes en ander toelaes van die lede van die Sekretariaat en lede van streek- en plaaslike dispuutbeslegtingskomitees en oefen beheer uit oor geld wat die Parlement vir die doeleindes van die Wet bewillig. Die Direktooraat wend hierdie geld aan ten einde

242

die oogmerke van die Wet te bevorder. Die Direktoraat is ook verantwoordelik vir die aanstelling van personeel by streek- en plaaslike dispuutbeslegtingskomitees.

1.4 Advokaat T D Rudman is op 4 November 1992 ingevolge artikel 8 van die Wet as Uitvoerende Direkteur: Binnelandse Vredesinstellings aangestel. Hy verrig egter dié taak sedert November 1991. **Ex officio** is hy die enigste permanente lid van die Sekretariaat.

1.5 Die aanvanklike diensstaat van die Direktoraat was 6 persone. Die Uitvoerende Direkteur word tans bygestaan deur 'n komponent van 22 beamptes. Op 31 Maart 1993 was al hierdie beamptes beamptes van die Departement van Justisie wat vir dié doel deur die Direkteur-generaal: Justisie aangewys is. Ten einde kontinuïteit te behou en om nie die ervaring wat deur die beamptes opgedoen is te verloor nie, het die Direkteur-generaal: Justisie en die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake ingestem dat die beamptes van die Departement van Justisie wat op 31 Maart 1993 met die werksaamhede van die Direktoraat belas was, met ingang van 1 April 1993 na die Departement van Binnelandse Sake gesecondeer word vir aanwysing vir diens by die Direktoraat.

1.6 Die Uitvoerende Direkteur beklee die rang van Adjunk-direkteur-generaal addisioneel tot die diensstaat.

1.7 Aangesien hierdie die eerste verslag aan u van die Direktoraat is, en om 'n volledige oorsig van werksaamhede te gee, word

oor die werksaamhede van die Direktooraat sedert November 1991 verslag gedoen.

1.8 Alle pogings tot volledigheid ten spyt, kan 'n blote weergawe van die funksies wat die Direktooraat verrig het, nie die omstandighede en die eise verbonde aan die werk wat die Direktooraat lewer, weerspieël sonder dat die aandag spesifiek op sommige van die omringende omstandighede gevestig word nie.

1.9 Daar is bykans geen aktiwiteit van die Direktooraat waarby die beginsel van raadpleging van alle belanghebbendes en die inagneming van die politieke sensitiwiteite van die vele rolspelers in die vredesproses nie toepassing vind nie. Gevolglik is dit nie net die regsgekwalfiseerdes in die Direktooraat wat, soos later aangedui, ook 'n fasiliterende rol gespeel het, wat die grootste mate van takt, diplomاسie en onderhandelingsvaardigheid aan die dag moes lê nie, maar ook die administratiewe personeel wat by andersins alledaagse werksaamhede soos die verkryging van akkommodasie en die aanstelling van personeel, konsensus moes soek tussen verskillende sieninge en belange, hetsy werklik of gewaand. Personeel het hulle op dié wyse nie net ideologies nie maar meer dikwels ook fisiek in die strydperk tussen die partye bevind. Maar selfs die beamptes wat die besoldigings- en verblyfseise hanteer en andersins net telefonies met die rolspelers in die proses betrokke is, het daarin so 'n mate van geduld, objektiwiteit en meelewendheid openbaar dat hulle aanvaarbaarheid om aan die vredespoging te kan deelneem, bo verdenking staan.

1.10 Die voornoemde omstandighede is inherent veeleisend en tydeisend. Hierbenewens is die aard van die proses van dispuutbeslegting en versoening sodanig dat die dag-tot-dag-werksaamhede van die Direktooraat gekenmerk word deur die onvoorsiene en die spoedeisende - die bykans onmoontlike moet gewoonlik in krisistoestande en te alle tye van die dag of die nag vermag word. Die opmerking van die Direkteur-generaal: Justisie in sy Jaarverslag dat die Direktooraat oor 'n korps besonder toegewyde, bekwame en entoesiastiese beamptes beskik, kan dus sonder huiwering onderskryf word.

HOOFSTUK II : ADMINISTRATIEWE WERKSAAMHEDE IN VERBAND MET DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE

2.1 Die Direktooraat het 'n sekretariaatsdiens aan die Kommissie van Onderzoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasië (die Kommissie) gelewer.

2.2 Die diens aan die Kommissie het onder meer die volgende behels:

- (a) Die voorbereiding van werkstukke vir die Kommissie.
- (b) Die versorging van verslae van die Kommissie en komitees van die Kommissie.
- (c) Die bedryf van 'n liasseerstelsel en die indeksering van ondersoekdokumentasie van die Kommissie.
- (d) Die reëling van sittings vir die Kommissie en komitees van die Kommissie.

245

(e) Die reëling van betaling van die besoldiging, toelaes en eise van lede van die Kommissie en komitees.

(f) Die reëling van reis en verblyf vir lede van die Kommissie en komitees.

(g) Die lewering van tik- en bodedienste aan die Kommissie en komitees.

(h) Die behartiging van korrespondensie en voorsieningsadministrasie vir die Kommissie en komitees.

(i) Die beantwoording van persnavrae en die versorging van persverklarings van die Kommissie.

(j) Die bedryf van 'n program vir die beskerming van getuies wat voor die Kommissie getuig.

2.3 Ingevolge die reeds vermelde Staatspresidentshandeling word hierdie funksies sedert 1 April 1993 nie meer deur die Direktoraat verrig nie maar deur die Departement van Justisie voortgesit.

HOOFSTUK III : SEKRETARIËLE DIENSTE IN VERBAND MET DIE NASIONALE VREDESEKRETARIAAT

Die Direktoraat voorsien 'n sekretariaatsdiens vir alle vergaderings van die Nasionale Vredesekretariaat en sy komitees. Die diens behels die voorbereiding en verspreiding van dokumente vir vergaderings van die Sekretariaat, die notulering van verrigtinge en die uitvoering van besluite van die Sekretariaat.

246

3.1. SEKRETARIAATSVERGADERINGS

3.1.1. Sedert November 1991 het die Sekretariaat, benewens ander vergaderings wat elders in hierdie verslag vermeld word, 52 formele en 13 dagbestuurvergaderings gehou.

3.1.2 Na gelang van die beskikbaarheid van die lede van die Sekretariaat word die vergaderings in Pretoria, Johannesburg, Kaapstad of Durban gehou.

3.2 GESAMENTLIKE VERGADERINGS

3.2.1 Vergaderings van die Sekretariaat met die Voorsitters van streekdispuutbeslegtingskomitees

Die Sekretariaat het by 7 geleenthede saam met die voorsitters van die 11 streekdispuutbeslegtingskomitees vergader en die Direktooraat het al die reëlins in verband daarmee getref.

3.2.2 Vergaderings van die Sekretariaat saam met die waarnemersgroepe van die Verenigde Volkeorganisasie, die Europese Ekonomiese Gemeenskap, die Gemenebes van Nasies en die Organisasie vir Afrika-eenheid

Sedert die plasing deur verskillende internasionale organisasies van waarnemers in die Republiek het die Direktooraat 14 vergaderings gereël wat die Sekretariaat met verteenwoordigers van dié groepe gehou het.

247

3.3 VERGADERINGS VAN KOMITEES VAN DIE SEKRETARIAAT

3.3.1 OPLEIDINGSKOMITEE

Die Direktooraat het die sekretariële diens gelewer by die 23 vergaderings van die Opleidingskomitee wat in die verslagtydperk gehou is. Benewens die vergaderings van die Opleidingskomitee was die Direktooraat betrokke by die aanbieding van 28 opleidingseminare, waarmee elders in die verslag gehandel word.

3.3.2 BEMARKINGSKOMITEE

Sekretariële dienste is gelewer by die 11 vergaderings van die Bemarkingskomitee. R2,5 miljoen is reeds deur die Staat spesifiek vir die werk van die Bemarkingskomitee bewillig. Van die R2,5 miljoen is teen 31 Maart 1993 R1 061 968 bestee. Met die voortgesette samewerking en borgskappe van die gedrukte en elektroniese media word verwag dat reklame in tienvoudige waardes hiervan verkry sal word.

3.3.3 NAVORSINGSKOMITEE

Hierdie komitee het in die loop van die verslagjaar 4 vergaderings gehou. Die Navorsingssubkomitee het ook reeds by drie geleenthede met navorsers, akademici en opleidingsbeampies op die gebied van konflikhantering, mediasie en onderhandelingsvaardighede vergader.

HOOFSTUK IV: ONDERSTEUNENDE DIENSTE

Ondersteunende logistieke dienste word deur die Direkoraat by 'n verskeidenheid van die bedrywighele van die Sekretariaat en sy Komitees gelewer. Hierdie bedrywighele kan soos volg uiteengesit word.

4.1 STIGTINGSVERGADERINGS VIR STREEKDISPUUTBESLEGTINGSKOMITEES EN PLAASLIKE DISPUUTBESLEGTINGSKOMITEES

4.1.1 Ingevolge artikel 4 van die Wet is die Sekretariaat verantwoordelik vir die instelling van streekdispuutbeslegtingskomitees en moet hy ook streekkomitees by die instelling van plaaslike komitees behulpsaam wees. Elf streekkomitees en 85 plaaslike komitees is ingestel. Die werksaamhede van die Direkoraat in verband met die instelling van streekkomitees behels die volgende:

- (a) Skakeling met nasionale organisasies op kerklike, politieke, maatskaplike en handelsgebied vir die identifisering van verteenwoordigers op streekvlak.
- (b) Skakeling met nasionale, streek- en plaaslike owerhede van alle bevolkingsgroepe vir die identifisering van verteenwoordigers.
- (c) Skakeling met ander organisasies wat by plaaslike en streeksbestuursaanleenthede betrokke mag wees vir die identifisering van verteenwoordigers.

- (d) Skakeling op nasionale en streekvlak met die veiligheidsmagte vir identifisering van verteenwoordigers.
- (e) Die reëling van 'n stigtingsvergadering in oorleg met lede van die Sekretariaat en die geïdentifiseerde verteenwoordigers.

4.1.2 Die stigtingsvergaderings is gewoonlik deur gemiddeld 30 mense bygewoon.

4.1.3 Ten opsigte van die meeste streke moes die proses een of meer maal herhaal word voordat 'n komitee suksesvol ingestel is, en 22 vergaderings is op dié wyse gereël.

4.1.4 Aangesien die behoefte aan die stigting van plaaslike komitees nie altyd kon wag totdat al die streekkomitees genoegsame administratiewe infrastruktuur opgebou het nie, is die identifisering en byeenbring van plaaslike verteenwoordigers en gemeenskapsleiers vanuit die Direktoraat se kantoor behartig ten opsigte van die stigting van 5 plaaslike komitees.

4.2 INLIGTINGSSESSIES AAN BUITELANDSE WAARNEMERS

By die aankoms van elke span buitelandse waarnemers is hulle volledig ingelig oor die Nasionale Vredesakkoord, die strukture wat ingevolge die Akkoord ingestel is en die ondersteuning en samewerking wat hulle van die Sekretariaat en die Direktoraat kan verwag. Sodanige inligtingsessies is gehou op 31 Julie en 14 en 15 September 1992 vir die waarnemers van die Verenigde Volke-

organisasie; op 21 Oktober 1992 vir die waarnemers van die Gemeenbes van Nasies; op 30 Oktober 1992 vir die waarnemers van die Europese Ekonomiese Gemeenskap en op 24 November 1992 vir die waarnemers van die Organisasie vir Afrika-eenheid.

4.3 WELWILLENDHEIDSBESOEKE DEUR DIE BUITELANDSE WAARNEMERS

4.3.1. Die Direktooraat was verantwoordelik vir die reëling van verskeie welwillendheidsbesoeke deur die buitelandse waarnemers aan regerings in Suid-Afrika en lede van die Direktooraat het hulle op hierdie besoeke vergesel. Verteenwoordigers van die volgende regerings is besoek:

KwaZulu op 8 Oktober 1992

Qwaqwa op 23 November 1992

Lebowa op 26 November 1992

KaNgwane op 2 Desember 1992

Gazankulu op 12 Februarie 1993

KwaNdebele op 4 Maart 1993

Qwaqwa op 19 Maart 1993

4.3.2 Hierdie besoeke het plaasgevind met die gewaardeerde samewerking van die Suid-Afrikaanse Lugmag.

4.4 DIVERSE VERGADERINGS

4.4.1 Die Direktooraat het benewens die reeds vermelde dienste ook ondersteunende en logistieke bystand verleen by vergaderings wat deur die Voorsitter en lede van die Sekretariaat met 'n wye

verskeidenheid van persone en instansies gehou is. Die belangrikste hiervan is vergaderings met regeringslui van, en ander belangrike rolspelers in, Transkei, Bophuthatswana, Ciskei en Venda. Transkei en Venda is 1 keer, Ciskei 9 keer en Bophuthatswana 5 keer besoek. Die Direktooraat is dank verskuldig aan die amptenary van die Departement van Buitelandse Sake, en die beamptes verbonde aan die kantore van die staatshoofde en ministers in die betrokke State met wie daar soms op baie kort kennisgewing en op ongeleë tye geskakel is, vir hulle vriendelike en hulpvaardige samewerking.

4.4.2 Benewens die voormelde vergaderings het die Direktooraat 'n verdere 118 vergaderings gereël met 'n verskeidenheid van organisasies, kabinetsministers, staatsdepartemente en politieke leiers, waarvan 71 deur lede van die Direktooraat bygewoon is, óf saam met lede van die Sekretariaat, óf as verteenwoordigers van die Sekretariaat.

4.5 OPLEIDING IN DISPUUTBESLEGTING EN DIE FASILITERING VAN DIS- PUUTBESLEGTING

Ingevolge artikel 4(e) van die Wet kan die Sekretariaat van die dienste van bevoegde persone gebruik maak om die oogmerke van die Wet en van die Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasië, 1991, te bereik. In die bereiking van hierdie oogmerke speel die beslegting van geskille 'n groot rol.

4.5.1 Die Sekretariaat se opleidingsfunksie

4.5.1.1 Daar is reeds hierbo daarop gewys dat die Direktoraat bystand verleen het by 23 vergaderings van die Opleidingskomitee van die Sekretariaat. Hierbenewens is daar egter ook addisionele beplanningsvergaderings en twee werksinkels gedurende Oktober en November 1992 gereël met die oog op die verfyning van die Sekretariaat se opleidingsprogram.

4.5.1.2 Die Direktoraat het ook die reëlins behartig vir die hou van 42 opleidingseminare met die oog daarop om voorsitters en lede van streek- en plaaslike komitees in konflikhantering, media-sie en geskilbeslegting op te lei. Aangesien die seminare intensiewe opleiding binne 2 tot 3 dae aanbied, word daar gewoonlik van 'n opleidingsbeampte, 'n mede-opleidingsbeampte en 'n opleidingsfasiliteerder gebruik gemaak.

4.5.1.3 Daar is tot dusver 37 persone in 'n opleidingspaneel aangestel van wie se dienste vir opleiding gebruik gemaak word. Sedert 1 Januarie 1993 word die opleidingsfunksie van die Sekretariaat befonds uit 'n skenking van R1 miljoen wat vir dié doel deur die Deense Regering aan die Sekretariaat geskenk is. Tot op 31 Desember 1992 is R280 387,35 aan staatfondse vir opleiding aangewend en sedert 1 Januarie 1993 tot 31 Maart 1993, R47 107,26 uit die geskenkte fondse.

4.5.2 Fasiliteringsfunksies

4.5.2.1 Ingevolge die Nasionale Vredesakkoord en die Wet is die Nasionale Vredesekretariaat en die streek- en plaaslike komitees geroepe om geweld en intimidasie op voetsoolvlak te bekamp. Die doel wat beoog is, en wat inderdaad verwesenlik word, is dat die streek- en plaaslike komitees geskille wat tot openbare geweld en intimidasie aanleiding gee of kan gee, moet besleg deur met die betrokke partye te onderhandel, dat hulle met die betrokke owerhe- de oorleg moet pleeg, veral oor beplande openbare optredes van omstrede aard, om konflik te vermy en om die uitvoering van oor- eenkomste wat uit bovermelde mag vloei, te moniteer. Die fasili- teringsrol wat die bovermelde funksies ten grondslag lê, lei in daardie gebiede waarin die verskillende partye nog nie geleentheid gehad het om in 'n gesamentlike forum te ontmoet nie, heel dikwels tot die stigting van 'n plaaslike komitee. Die fasiliteringsfunk- sie is dus van deurslaggewende belang aangesien voortgesette gesprekvoering die sleutel tot vreedsame oplossing van geskille is. Hoewel die Nasionale Vredesekretariaat en die streek- en plaaslike komitees hoofsaaklik vir hierdie fasilitering verant- woordelik is, word daar weens die omvang van die behoefte ook dikwels van professionele fasiliteerders gebruik gemaak. Senior personeellede van die Direktoraat wat almal opgeleide regslui is, het self ook suksesvol munisipale geskille besleg in Potgieters- rus, Phola, Parys, Naboomspruit en Ogies.

4.5.2.2 Aangesien hierdie funksie uiteraard 'n baie sensitiewe een is, moet die aanstelling van 'n fasiliteerder met groot omsig-

tigheid geskied. Die Direktooraat bekom binne die kortste moontlike tyd alle inligting oor die aard van die konflik en die gemeenskap waarin dit bestaan en ook inligting wat op gewenste eienskappe van 'n bepaalde fasiliteerder kan dui. Sodra die aanstelling en opdrag van 'n fasiliteerder deur die Sekretariaat goedgekeur is, word 'n aanstellingsbrief met die voorwaardes vir die aanstelling deur die Direktooraat opgestel en aan die fasiliteerder gestuur.

4.5.2.3 32 persone is tydens die verslagjaar as fasiliteerders vir tydperke van tot 3 maande aangestel. Die koste van hierdie aanstellings, met insluiting van die persone se reis- en verblyfuitgawes, het R420 855,82 beloop.

HOOFSTUK V : ADMINISTRATIEWE EN PERSONEELAANGELEENTHEDE

5.1 KANTORE VIR STREEKDISPUUTBESLEGTINGSKOMITEES

5.1.1 Die Sekretariaat het in navolging van artikel 4 van die Wet streekkomitees ingestel, en wel in gebiede wat in hoofsaak ooreenstem met die 11 ontwikkelingstreke waarin Suid-Afrika tans verdeel is. Die streekkomitees is gevolglik in die volgende sentra gevestig :

- (a) Pretoria (Noord-Transvaalse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (b) Bellville (Wes-Kaapse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (c) Bloemfontein (Oranje-Vrystaatse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (d) Durban (Natal/KwaZulu Dispuutbeslegtingskomitee)
- (e) Johannesburg (Wits/Vaal Dispuutbeslegtingskomitee)

- (f) Kimberley (Noord-Kaapse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (g) Pietersburg (Verre Noord-Transvaalse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (h) Oos-London (Grens/Ciskei Dispuutbeslegtingskomitee)
- (i) Port Elizabeth (Oos-Kaapse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (j) Witbank (Oos-Transvaalse Dispuutbeslegtingskomitee)
- (k) Klerksdorp (Wes-Transvaalse Dispuutbeslegtingskomitee)

5.1.2 Ten aanvang moet in verband met die administratiewe en personeelaangeleenthede van streekkomitees met groot waardering melding gemaak word van die bydrae wat die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens gelewer het met die vestiging van kantore en die voorsiening van personeel aan sommige streekkomitees. Aangesien die Kommunikasiediens reeds oor personeel en 'n aansienlike administratiewe vermoë in elkeen van die bovermelde sentra beskik het, het die Hoof van die Kommunikasiediens aangebied dat die Kommunikasiediens sou help met akkommodasie en personeelvoorsiening aan streekkantore. Politieke teenkanting het egter daartoe gelei dat die bydrae van die Kommunikasiediens by die meeste kantore afgeskaal en in sommige gevalle heeltemal opgeskort moes word.

5.1.3 Ingevolge artikel 9(2) van die Wet kan die Direktooraat, wat ook vir die administratiewe werk in verband met die verrigting van werksaamhede van die streekkomitees verantwoordelik is, personeel vir die komitees aanstel op die voorwaardes, besoldiging en toelaes wat die Minister in oorleg met die Minister van Staatsbesteding bepaal. Daar is gevolglik aanvanklik voorsiening gemaak vir die voorsiening van 'n kernpersoneel van twee of drie persone

by elke streekkomitee om die wiel in die streek aan die rol te kry. Aangesien die Direktoraat ook opdrag het om in die personeelbehoefte ten opsigte van die Subkomitee van die Nasionale Vredeskomitee vir Sosio-ekonomiese Heropbou en Ontwikkeling te voorsien, is voorsitters van streekkomitees versoek om by die oorweging van kandidate vir die vulling van die beskikbare poste reeds te let op eienskappe by diesulke kandidate wat hulle geskik sou maak om op die terrein van sosio-ekonomiese ontwikkelingskoördinasie 'n bydrae te lewer.

5.1.4 Aangesien die gedagte van staatsamptenare by die komitees vir sommige politieke rolspelers in die vredestrukture totaal onaanvaarbaar was, is besluit om die personeel vir die komitees op kontrak aan te stel en nie as amptenare in diens te neem nie. Die streekkomitees is wel die dienste aangebied van ervare amptenare om na hulle voorsieningsadministrasiebehoefte om te sien en as skakel te dien met die Direktoraat in Pretoria sodat die ander personeel hulle uitsluitlik met die werk van die komitee kon besig hou. Met uitsondering van twee het die streekkomitees van hierdie aanbod gebruik gemaak.

5.1.5 Alle streekkomitees beskik oor goed toegeruste kantore, met uitsondering van die Noord-Kaapse Komitee wat besig is om die kantore wat daar deur die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens voorsien is, te ontruim as gevolg van besware wat in 'n baie laat stadium teen die amptenary geopper is. Na verwagting sal alternatiewe akkommodasie binne enkele weke deur die Direktoraat

in samewerking met die Departement van Openbare Werke verskaf word.

5.1.6 Benewens die kantore vir streekkomitees is daar ook by sommige streke sogenaamde takkantore ingerig ten einde die personeel by die streekkantore in staat te stel om afgeleë dele in die streek makliker te bereik.

5.1.7 Benewens die komitees wat ingevolge die Wet na aanleiding van die Nasionale Vredesakkoord daargestel is, bestaan daar as deel van die vredestrukture ook verskeie "operasionele sentrums". Hierdie sentrums is geskep op aanbeveling van mnr Cyrus Vance, spesiale gesant van die Sekretaris-generaal van die Verenigde Volkeorganisasie, na 'n besoek aan Suid-Afrika gedurende Julie 1992. Die voorsitters van streekkomitees het versoek, en dit was ook die standpunt van die Direktoraat, dat hierdie "operasionele sentrums" nie 'n afsonderlike struktuur moet vorm nie maar as deel van die streekkomitees se funksies geadministreer word. Waar hulle dus ingestel is, funksioneer die "operasionele sentrums" as takkantore van die streekkomitees, word beman deur personeel van die streekkomitees en vorm dikwels ook die kern van die administratiewe vermoë vir een of meer plaaslike komitees.

5.1.8 Die vestiging van die bovermelde kantore en die voorsiening van toerusting en meubels moes binne die kort bestek van enkele maande geskied. Die begrip en samewerking van die betrokke Staatsdepartemente, en meer bepaald die departementshoofde en senior amptenare van die Departemente van Justisie, Staatsbeste-

ding en Openbare Werke in die unieke omstandighede waarin die Direkoraat hierdie taak moes verrig, word met groot waardering geboekstaaf.

5.1.9 Van die 24 kantore wat ingerig is, is 10 kantore vir streekkomitees, 4 vir takkantore en 10 vir "operasionele sentrums". 'n Verdere 4 kantore vir "operasionele sentrums" en 1 kantoor vir 'n streekkomitee word tans gevestig.

5.2 PERSONEELVOORSIENING

5.2.1 Die privaatsektor en verskeie nie-regeringsorganisasies neem met entoesiasme deel aan die werksaamhede van die strukture van die Vredesakkoord, nie alleen as lede van die verskillende komitees nie, maar ook deur voorsiening van personeel, hetsy teen vergoeding of op gesekondeerde grondslag. Instansies wat in dié verband uitgesonder kan word, is ENGEN, die Independent Mediation Service of South Africa en die Konsultatiewe Sakebeweging. Daar is reeds ook daarop gewys dat die Departement van Justisie en die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens 'n groot rol speel in die voorsiening van personeel by streekkomitees.

Die volgende personeel is by streek- en plaaslike komitees en by operasionele sentrums aangestel :

- 6 Streekbestuurders
- 9 Kantoorbestuurders
- 2 Assistent-kantoorbestuurders

1	Bemarkingskoördineerder
1	Opleidingskoördineerder
10	Koördineerders
22	Veldwerkers
1	Mediabeampte
19	Sekretaresse
7	Ontvangsdames/tiksters

5.3 DIVERSE AANGELEENTHEDE

5.3.1 Die kontrakte ingevolge waarvan personeel vir streekkomitees aangestel word, maak nie voorsiening vir enige byvoordele nie. Hierdie toedrag van sake het sedert die instelling van die Vredesinstellings tot gevolg dat voortdurende beroepe op die Sekretariaat en die Direktoraat gemaak word om voorsiening te maak vir 'n vervoertoelaag en vir lewensversekering.

5.3.2 Aangesien die Staatsgarage nie altyd in staat is om op kort kennisgewing in krisissituasies in die vervoerbehoefte van die komitees te voorsien nie, is 26 motorvoertuie vir gebruik deur streekkomitees aangekoop.

5.3.3 Geen versekeraar kon tot dusver gevind word wat bereid is om dekking aan lede en personeel van komitees te verleen nie. Die aangeleentheid word tans weer deur die Direktoraat met donateurs en die versekeringsbedryf opgeneem ten einde die moontlikheid van 'n spesiale fonds vir lede en personeel van komitees wat die slagoffers van geweld mag word, te ondersoek.

260